Wanneer jy ses keer val, staan sewe keer op

Ds. Willem Louw: NG Kerk Miederpark

Skriflesing: Luk.22:54-62 en Joh.21:15-19

Toe my seun Stephan, as baba leer loop het, was dit vir my interessant om hom dop te hou. Die outjie het soveel keer sy kop gestamp, of hard op sy sitvlak te lande gekom. Ons het hom egter so geprys en hom so aangemoedig dat hy nie moedeloos geword het oor al die seerkry en val nie.

Die lewe werk ook soos ’n baba wat leer loop. Daar kom dae wanneer alles maklik verloop, maar daar kom ook tye wat jy ’n paar keer hard op jou sitvlak te lande kom voordat jy slaag in wat jy wil doen.
Dit is ’n wonderlike voorreg om op die lewenspad te loop. Dit is ’n nog groter voorreg om as kind van God in hierdie wêreld te leef en in Jesus se voetspore te loop**.**

1. Daar sal tye wees wanneer ons val

Enigiemand wat bereid is om vir iets op te staan, sal by tye platgeslaan word.
Die lewe het nogal ’n manier om ons hard aarde toe te bring. Soms is dit ook ons eie skuld. *Dit gebeur baie maal ook net voordat of net nadat ons, ons doel bereik het.* Die soet smaak van oorwinning hang nog in die lug, maar dan… kom die val. Soms veroorsaak ons onkunde dat ons val. Soms is dit ons eie voortvarendheid wat ons in die moeilikheid laat beland.

Petrus is een van die dissipels waarmee die meeste van ons, onsself kan identifiseer. Miskien is dit juis omdat Petrus ook soms foute gemaak het waaroor hy jammer was. Foute waaroor hy bitter spyt was en jammerlik gehuil het.

- Petrus was baie selfversekerd dat hy nie die Here in die steek sou laat nie. Nie het hy alleen in Getsemane weggehardloop nie, maar nou ook sy meester verloën. Hoe wel Jesus se aandag elders besig gehou is, was sy waarneming skerp. Hy weet presies wat Petrus se woorde en optrede is. *Hier sien ons hoe fyn Jesus ingestel is op wat ons elke oomblik dink en sê.* Ek glo dit is vandag steeds so. In Ef.4 word ons gewaarsku om nie die Heilige Gees met ons gedrag te bedroef nie. Jesus weet vandag nog presies waarmee ons elke oomblik besig is.

Tog het Jesus nie vir Petrus verwerp nie. Jesus se oogkontak, was genoeg om Petrus te herinner aan Jesus se vroeëre woorde en hom tot berou te bring. Petrus het hierna bitterlik gehuil.

2. Dit máák saak hoe jy die mislukking interpreteer

Ons almal val een of ander tyd in die lewe. Nêrens in die skrif is daar ’n belofte dat ons nie sal seer kry of swaarkry nie. Iemand het eenmaal opgemerk. **Die verskil tussen sukses en mislukking is hoe ons op die val reageer.**

Baie mense se lewe het al lelik verkeerd geloop as gevolg van foute wat hulle gemaak het, of nare ondervindings wat hulle beleef het. As jy agterna met hulle gesels dan kom jy agter dat hulle daardie val slag nooit kon verwerk nie. Hulle lewe het daar vasgesteek in verbittering, verwyt en selfverwyt. In so ’n mate dat die lewe soos ’n donker wolk rondom hulle saamgepak het en die toekoms vir hulle geen hoop meer inhou nie. Al wat hulle kan onthou, is die wrang smaak van die slag toe hulle lewensblikkie se boom uitgeval het, en hulle met niks gelaat is. Hoop-loos en sonder toekomsverwagting.
Miskien kan jy ook vandag iets in herinnering roep wat ’n stuk energie uit jou lewe geruk het en jou stelselmatig begin lamlê het. Iets wat jou in hierdie lewe met ’n regter haakhou platgeslaan het, maar waaroor jy net eenvoudig nie kan kom nie. Wat besig is om jou lus vir die lewe te laat verdamp.

Miskien is dit boonop nog ’n fout wat jy jouself nie kan vergewe nie. ’n Ding wat jy dalk kon vermy het, maar oop en bloot daarin beland het.
Jak.3:2 sê *“Ons struikel almal in baie opsigte. As iemand nooit struikel in wat hy sê nie, is hy volmaak, by magte om ook sy hele liggaam in toom te hou.”* **1Kor.10:12** sê: *“Wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie.”*

Mag ek jou vandag aan Petrus se lewe herinner. Mag ek jou herinner aan sy bittere groot teleurstelling. Sy selfverwyt. Sy gevoel van mislukking. Sy gevoel van verraad. Sy gevoel van, “nikswerd-wees-nie”. Sy gevoel van ek is nie meer werd om u kind genoem te word nie…

Iemand het gesê: ***Die mislukking lê nie in die val nie. Die mislukking lê daarin dat ons toelaat dat die val ons platgeslaan hou en ons lewe beheer.*** Die Bybel leer ons dat daar niks in hierdie lewe is wat ons platgeslaan kan hou nie.

1Kor.10:13 sê: "*Geen versoeking wat meer is as wat 'n mens kan weerstaan, het julle oorval nie. God is getrou. Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; as die versoeking kom, sal Hy ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan weerstaan.* Dit maak dus nie saak wat ons tref nie. **God waarborg ons oorwinning oor al ons sondes.** Hy het dit reeds op Golgota oorwin.

Kinders van die Here reageer soos 'n rubberballetjie. Die oomblik as daardie rubberballetjie hard teen die vloer gegooi word, misvorm daardie stukkie rubber. Dit is nie meer rond nie. Dit duik behoorlik in. Tog is die veerkragtigheid van daardie rubberballetjie groot genoeg om alle skade te herstel en weer hoog die lug in te skiet. **Hoe harder jy daardie rubberballetjie teen die vloer gooi, hoe hoër bons dit weer die lug in.** Wanneer die lewe ons hard teen die vloer gooi, kry ons seer. Ja, ons kry bitter seer en word selfs misvorm. <u>God gee ons egter keer op keer nuwe krag en verseker ons van herstel en oorwinning. Daarom mag ons maar met ons nood na God vlug.</u>

Jak.4:10 *"Onderwerp julle in nederigheid voor die Here, en Hy sal julle verhoog."* <u>Soms laat die Here meer as een terugslag oor ons pad kom, omdat Hy ons na Hom wil teruglei.</u> Hy wag geduldig op ons terugkeer na Hom.
2Pet.3:15 sê: *"En beskou die geduld wat die Here met ons het as geleentheid om gered te word."*

3. Teleurstellings is nie doodloopstrate nie. Dit is belangrik hoe jy dit hanteer.

Al leef ons naby die Here, kan teleurstellings nog oor ons pad kom. Soms wandel ons werklik in 'n verhouding met die Gees, maar is daar soveel dinge wat onverwags ons lewe binne bars en binne 'n ommesientjie ons lewenspad vol teleurstellings saai. Wat moet ons daarvan dink? Hoe moet ons dit hanteer?

- **Teleurstellings is 'n stilhou kans.** Soms bring teleurstellings jou tot stilstand. Al gebeur dit moet jy weet dat God steeds in beheer bly. God mag ook toelaat dat teleurstellings oor jou lewe kom (Soms is die teleurstellings so groot en so seer dat ons nie eers moet waag om goedkoop kitsantwoorde te gee nie). Gebruik dit dan as 'n ruskans in die lewe, om sommer net by God te gaan sit en op Sy skoot te huil. Jy sal God se troos mettertyd ervaar en weer moed skep om op te staan en aan te gaan. Petrus het in die afgelope veertig dae vir Jesus tenminste twee keer ontmoet. By die vorige

ontmoetings het Jesus nie een keer na Petrus se verloëning verwys nie. Petrus moes beslis onseker gevoel het oor Jesus se verhouding oor hom. Hy het waarskynlik baie ongemaklik hieroor gevoel en sekerlik diep nagedink oor die gebeure.

Nou het Jesus hom ontmoet en is Hy besig om seker te maak dat Petrus besef, Hy het hom nie verwerp nie. Jesus bevestig dat Petrus vir Hom steeds kosbaar is. Inteendeel, Jesus maak drievoudig seker dat Petrus se verhouding met Hom herstel word.

Wat jou teleurstelling ook al in hierdie lewe is. Moenie moed opgee en wegloop nie. Word stil en probeer uitvind wat God besig is om aan jou te kommunikeer. *God sal jou mettertyd, soos vir Petrus, verseker dat Hy jou baie lief het.*

- **Teleurstellings is leersaam.** ’n Mens kan dikwels ook iets leer uit ’n terugslag. Jy kan stil word. Waardevolle lesse kom dikwels in oorvloed na ons wanneer ons planne uitgestel of vertraag word. Petrus het hier geleer dat Jesus hom nie meer Petrus die rots noem nie, maar Simon (die twyfelaar). Dat Hy hom aanspreek as Simon seun van Johannes, verwysend na sy menslikheid en swakheid as mens. Hy was die eer en status wat nou gaan volg nie werd nie. Jesus herstel hom in sy amp as apostel voor almal. Boonop verhef Jesus hom tot ’n besondere verantwoordelike taak nl. om die gemeente as kudde te versorg!
  Hy leer ook nou Jesus was meer besorg oor sy liefde vir God, as oor die foute wat hy per abuis gemaak het. *Petrus jou optrede het My laat wonder of jy My werklik liefhet. Het jy my lief? Het jy My meer lief as die bote en vissersnette? Meer lief as jou beroep? Meer lief as jou gesin? Meer lief as jou vriende?* (Let op Jesus vra nie gehoorsaamheid, vrees of agting nie! Hy vra ook nie hoe betrokke Petrus in die kerk is nie.)

  Petrus het rede gehad om skaam te wees. Hy het immers gesê, al sou almal u verlaat, ek sal nie. Jesus vra hom drie maal dieselfde vraag om hom aan die drie keer te herinner wat hy Hom verloën het. Drie maal agtermekaar bely hy nou sy innige liefde vir Jesus. Die laaste maal verklaar hy: U weet alles Here, U weet dat ek u lief het!

Die les wat ek hieruit leer is: ***Na, 'n teleurstelling moet jy nie te gou aanbeweeg nie. Maak eers seker jy het daaruit geleer wat Jesus jou graag wil leer. Maak dan seker jy bou voort op die regte waardes.***

- **Teleurstellings is geleenthede om aan te pas.** Ons program word soms onbuigsaam geroetineer. Dit raak onopwindend en ons stagneer. Van jou heerlikste oomblikke kan aanbreek wanneer omstandighede jou dwing om uit die groef te klim. Moenie bang wees wanneer jy genoodsaak word om jou planne aan te pas nie. Vertrou God. Vra raad. Bid sonder ophou. *Uiteindelik kan jy dalk 'n beter koers inslaan wat 'n beter eindproduk gee as wat jy ooit kon dink.* ***Petrus die man wat voorheen misluk het, het nou 'n nuwe opdrag gekry, 'n nuwe verantwoordelikheid. Hy word aangestel as die leier van die kerk. Sy taak was om die kerk te versorg en te beskerm.***
- **Teleurstellings werk voorkomend.** Wanneer ons 'n terugslag kry, is dit raadsaam om 'n tydjie af te vat en die rede daarvoor te soek. Dikwels is daar ooglopende redes daarvoor soos bv. swak kommunikasie, onvoldoende hulpbronne, 'n gebrek aan behoorlike beplanning ens. Daar kan dus eenvoudige oplossings wees wat na geestelike afsondering of deeglike voorbereiding duidelik word.
- **Teleurstellings is aanwysers.** Aan die ander kant kan hierdie teleurstelling wat ek nou beleef, 'n wekroep wees. Iets wat dalk gebeur om net betyds my aandag te vestig op die eintlike ramp waarop ek afstuur. Daar is dalk nog genoeg tyd om aan te pas. Hierdie teleurstellings kan dan daarop dui dat ek my prioriteite moet verander. Die manier hoe jy op hierdie teleurstellings reageer en aanpas sal aandui watter soort mens jy is en graag wil wees.

  Petrus het nog 'n nuwe les geleer. Hy leer dit was nog nie die einde van sy swaarkry nie. **Jesus het aan hom 'n aanduiding gegee dat hy deur hierdie ervaringe slegs voorberei is vir die nog moeiliker uitdagings wat wag.** <u>Petrus sou uiteindelik 'n marteldood vir Jesus sterf.</u> Jesus het geweet Petrus was nou eers gereed om daardie toets te slaag. ***Vandag weet ons, Petrus is tussen 68-79 nC. uiteindelik wreedaardig deur Nero gekruisig****.* Petrus het verkies om onderstebo gekruisig te word, want hy, so ly die oorlewering, het gedink hy was nie werd om soos Christus te sterf nie. Petrus sou deur sy sterwe, Christus verheerlik.
- **Teleurstellings is noodsaaklik.** Hoe seer en hoe sleg 'n teleurstelling ook al is, <u>dit dra by om my karakter te vorm</u>. Petrus se lewe word na sy

teleurstelling soveel ryper. Hy het soveel meer begrip en waardering vir Jesus se genade en liefde. Hy kon hierna, ook ander se seerkry, soveel makliker verstaan.
Sommige van die lewe se grootste deugde, soos geloof, geduld, volharding en hoop, word deur swaarkry verder ontwikkel, wanneer ons in God se krag skuil en met Sy kompas deur die storms reis. In plaas daarvan dat ons deur die storms oorweldig word, kom ons met 'n sterker karakter aan die anderkant uit. Meer bruikbaar en meer toegerus vir God se diens.

- **Teleurstellings kan ons karakter toets, of ons opnuut motiveer.** Heb.12:11 sê "*Wanneer ons getug word, lyk die tug op daardie oomblik nie na iets om oor bly te wees nie, maar om oor te huil. Later lewer dit egter vir die wat daardeur gevorm is 'n goeie vrug; Vrede omdat hulle gehoorsaam is aan God se wil."* Volgens hierdie skrifgedeelte wil die Bybel ons leer ***dat ons nou bitter bedroef kan wees oor die teleurstelling wat ons lewe verwoes het, maar as ons lank genoeg aan God vashou, sal Hy ons karakter vorm.*** Ons sal later besef dat ons 'n nuwe vrede ervaar omdat ons veilig binne God se wil leef.
- **Teleurstellings is normaal.** Dit is belangrik om te onthou dat teleurstellings in die lewe op hul eie, geen positiewe of negatiewe uitwerking het nie. Dit is hoe ons daarop reageer, wat bepaal of dit 'n negatiewe of positiewe energie in ons lewe sal word. Twee verskillende mense kan dieselfde teleurstelling met 'n totaal verskillende uitkoms ervaar. *Dit is hoe ons die terugslag in ons lewe hanteer wat bepaal hoe suksesvol en bruikbaar ons vir God is*. Vir Petrus, het Jesus eenvoudig gesê: "Volg My".

Mag die Gees van die Here jou met hierdie paar woorde aanspoor om weer met nuwe oë na jou teleurstellings in die lewe te kyk. Nuut daaroor te gaan dink. Om God met jou lewe te vertrou en te weet dat Hy jou steeds lief het! **Weet vandag dat God jou nie verlaat het en nie verwerp het nie,** maar dat Hy jou steeds verseker dat Hy jou lief het. **Dat jy vir Hom kosbaar is en dat Hy nie jou as gebroke en verstote mensie eenkant wil laat nie.** Hy het jou nodig in Sy diens. Staan op. Kyk die lewe in die oë en gaan doen dit waarvoor God jou geroep het!

Amen